E-pos: kontak@volksraad.co.za

Sel.nr.: 082 322 6590

Sekretaresse: 012 803 0712

Posbus 71214, Die Wilgers, 0041

Webwerf: www.volksraad.co.za

8 Februarie 2016

Ondervoorsitter van die Volksraad

Die Volksraad het met leedwese kennis geneem dat mnr. Abel Malan weens ernstige siekte nie langer sy amp as Ondervoorsitter en lid van die Boere-Afrikanervolksraad kan beklee nie en op Saterdag 17 Januarie 2016 noodgedwonge die tuig neergelê het.

Die Volksraad en die VVK betuig hul dank en hoë waardering vir die aktiewe rol wat mnr. Malan sedert die totstandkoming van die Volksraad op 10 Oktober 2011 as lid van die Raad vervul het. Sy uittrede is 'n groot verlies, nie net vir die Volksraad nie, maar ook vir die volk wat hom in dié hoedanigheid gekies het.

Die volk se voorbidding vir mnr. Malan en sy gesin, wat tans deur diep waters gaan, word gevra.

Mnr. Malan word as Ondervoorsitter van die Raad opgevolg deur Mnr. Steyn van Ronge. Die VVK sal te geleëner tyd die nodige aksie neem om die vakature wat deur mnr. Malan se uittrede gelaat word, te vul.

Andries Breytenbach